| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: / Case number: **CA&R 89/05**
Datum gelewer: / Date delivered: **03/02/2006**

In die appËl:

**PHILLANDER, LAWRENCE** Appellant

en

**DIE STAAT**
**Respondent**

*Coram: Majiedt R et Lacock R*

## UITSPRAAK OP APPÈL

**LACOCK R:**

1] Die appellant het in die Streekhof, Kimberley, skuldig gepleit op ‘n aanklag van roof met verswarende omstandighede soos omskryf in art. 1 van Wet 51 van 1977, en is na skuldigbevinding gevonnis tot tien jaar gevangenisstraf.

Met verlof van die Streekhof kom die appellant nou in hoër

beroep teen die vonnis hom opgelÍ.

2] Die feite waarop die pleit van skuldig gegrond was en deur die Staat aanvaar is, kan as volg saamgevat word: Die klaer, ‘n skoolseun, het naby die appellant verbygestap. Die appellant het gesien dat die klaer ‘n goue ketting om sy nek dra asook ‘n goue ring aan een van sy vingers. Die appellant het die klaer met ‘n oop knipmes genader, die klaer daarmee gedreig en hom gelas om die ketting en ring aan hom te oorhandig; en wat die klaer uit vrees op grond van die dreigement van geweld aan hom oorhandig het.

3] Die waarde van die ketting en ring aldus geroof het beloop R400.00 en R300.00 onderskeidelik. Die ketting is later aan die klaer terugbesorg, maar het hy die ring skade gely.

4] Die landdros het tereg bevind dat die toepaslike voorskrifte van Wet 105 van 1997 toepassing gevind het en dat die appellant bloot gestaan het aan ‘n minimum vonnis van vyftien jaar. Eweneens tereg het die landdros bevind dat daar wesenlike en dwingende omstandighede aanwesig was wat hom regverdig het om ‘n mindere vonnis dan die voorgeskrewe minimum vonnis van vyftien jaar gevangenisstraf die appellant op te lÍ.

Hierdie omstandighede was daarin geleë dat die appellant ten tye van die pleeg van die misdryf 25 jaar oud en dus *“relatief*

*jonk"* was, dat die appellant berou vir sy daad getoon het deur skuldig te pleit, dat die skade gely deur die klaer slegs R300.00 beloop het, dat die klaer nie beseer was nie, en dat die misdryf nie beplan was nie, maar op die ingewing van die oomblik gepleeg is.

5] Hoewel die landdros tereg bevind het dat roof met verswarende omstandighede 'n ernstige misdryf is wat veelvuldig in sy regsgebied voorkom, en dat die Wetgewer dit goed ge-ag het om hierdie tipe misdryf met swaar vonnisse te bestraf, meen ek dat die vonnis die appellant opgelÍ sodanig verskil van die vonnis wat ek die appellant in die eerste instansie sou opgelÍ het, dat dit as skokkend onvanpas aangemerk behoort te word.

6] Dit is so dat die appellant na die pleeg van hierdie misdryf ook skuldig bevind is aan diefstal en die onregmatige besit van 'n vuurwapen en ammunisie, en dat hierdie misdryf aanduidend is van 'n neiging tot oneerlikheid, maar meen ek dat direkte gevangenisstraf van tien jaar die appellant opgelÍ, buite enige redelike verband is met die aard van die misdryf deur hom gepleeg. Die roof wat die appellant in hierdie saak gepleeg het, kwalifiseer waarskynlik as een van die mins ernstige vorme van roof met verswarende omstandighede.

Gedagtig aan die riglyne soos neergelÍ in **S v Malgas, 2001(1) SASV (HHA)**, is 'n vonnis van tien jaar

gevangenisstraf waarskynlik nie heeltemal onvanpas nie, maar wat dit in *casu* myns insiens onvanpas maak – gesien die omstandighede soos hierbo na verwys – is dat geen gedeelte van die vonnis opgeskort is nie. Gesien die tweede veroordeling waaraan die appellant hom skuldig gemaak het, meen ek dat ‘n lang termyn van opgeskorte gevangenisstraf waarskynlik ‘n heilsame doel van rehabilitasie en / of weerhouding vir die appellant kan dien.

7] Alles in ag genome, sou ek vier jaar van die opgelegde vonnis van tien jaar gevangenisstraf voorwaardelik opskort.

Bygevolg sou ek die volgende bevel hierin verleen:

**A. Die appèl slaag en die vonnis die appellant opgelê word ter syde gestel en vervang met die volgende:**

“Tien (10) jaar gevangenisstraf waarvan vier (4) jaar opgeskort word vir ‘n periode van vyf (5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan ‘n misdryf waarvan oneerlikheid ‘n element is en waarvoor hy gevonnis word tot onopgeskorte gevangenisstraf sonder die keuse van ‘n boete gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie”.

**B. Die vonnis word terug dateer na 28 Januarie 2002.**

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam en dit word so gelas.

SA Majiedt
**REGTER**

| | |
|---|---|
| **Namens appellant:** | **Mnr B Tirus** |
| **Namens respondent:** | **Adv E van Dyk (Kantoor van die DOV, Kimberley)** |